

NAVRAE GELIG OP DIE FINANSIële STATE SOOS OP 31
DESEMBER 2024 VAN DIE OAB-GROEP
DEUR DR. J. DANNHAUSER

Geagte mnr. Roux

Ek tree op as skriftelike gevolmagtigde vir my eggenote, dr. A Dannhauser, as aandeelhouer van S39.

Met verwysing na omsendbrief 168/2025 gedateer 27 Augustus 2025 hieronder, die volgende vrae:

1. In teenstelling met die maatskappye OAB en OVD waarvoor ouditverslae verskaf is, is vir Infrastruktuur en Orasol geen ouditverslag verskaf nie, maar slegs nasienersverslae. Hoekom so t.o.v. Infrastruktuur en Orasol, wat wesenlik in die totale OAB-maatskappystruktuur is en ook met groot bedrae geld werk?

Logista terugvoer:

In terme van die maatskappywet vereistes (PI Telling) val beide Orania Infrastruktuur en Orasol (eintlik OVD ook) ver onder die drumpel wat oudit vereis en is 'n nasienersverslag die vereiste kerf waarbinne hulle val. Die elemente is omset (1 punt vir elke R1 miljoen), aandeelhouding (punt per aandeelhouer), werknemers (punt per werknemer) en eksterne finansiering (1 punt vir elke R1 miljoen). Die drumpel vir oudit is 250 punte – die twee maatskappye is ver onder dit. Infrastruktuur en Orasol word meer geevalueer as filiale van OAB en meer “intern” tot die dorp as wat dit 'n publieke risiko / impak inhou.

Wat OVD aanbetref het ons geredeneer daar is meer van die publieke verantwoordelikheid – omrede hulle die gebied buite Orania ook bedien en daarom was die aanbeveling dat ons OVD oudit. As ons suiwer op die PI telling werk, hoef OVD ook net 'n nasienersverslag te kry.

Ons kyk dus nie net na die Maatskappy Wet vereistes nie, maar beveel die diens aan, vir 'n spesifieke entiteit wat waarde toevoeg en gepas is vir die spesifieke entiteit en die groep as geheel.

Ons ouditeur, mnr. Gerhard Wessels, sal ook by die AJV teenwoordig wees om verdere vrae te beantwoord.

2. By Infrastruktuur wat uiteraard projekte met relatief lang tydsduur onderneem, word daar t.o.v. beide die 2023 en 2024 finansiële jare geen Werk-in-proses items aangetoon nie? M.a.w. is alle projekte dan binne die betrokke finansiële jare afgehandel?

Orania Infrastruktuur terugvoer:

Nee, daar was onafgehandelde projekte asook onafgehandelde grootmaatprojekte en word weergegee in aantekening 14. Handels- en ander krediteure op bl. 23 van die Finansiële State en wel soos uiteengesit in die volgende lynitems:

- Onafgehandelde projekinkomste: R621,710 (2024) , R180,454 (2023)
- Onafgehandelde projekinkomste – Grootmaatsdienste: R798,821 (2024), R0 (2023)

3. Wat is die redes hoekom OVD op 'n verlies afgesluit het?

Orania Veiligheidsdienste terugvoer:

Jaarliks faktureer Orania Aandeleblok vir Orania Veiligheidsdienste vir administratiewe koste vir die bestuur van die dag-tot-dag besigheid. Dit is 'n joernaalinskrywing en geld vloei nie vanaf OVD na OAB nie. Hierdie bedrag vir die 2024 jaar beloop R413,361 en vir die 2023 jaar R383,765.

Sou ons bovermelde bedrae ignoreer, sal u sien dat OVD wel 'n wins gemaak het.

Hierdie koste aan OVD en inkomste vir OAB het geen invloed op die gekonsolideerde groep se wins nie omdat alle transaksies tussen groepmaatskappye, uitrekonsilieer binne die Gekonsolideerde Finansiële State.

4. Wat is die redes hoekom Orasol op 'n verlies afgesluit het?

Orasol terugvoer:

Daar is twee aspekte wat bygedrae het tot Orasol se groot bedryfsverlies vir 2024.

Aspek 1: Rente gedra vir drie maande voordat batteryheffing ingestel is.

Met die aankondiging van die batteryheffing wat in werking gestel gaan word, het Orasol se direksie belowe dat die heffing nie gehef sal word totdat die battery in werking gestel is nie. Die battery is aangekoop en afgelewer einde Mei en in werking gestel is op 30 Augustus 2024. Die batteryheffing is op 1 September 2024 geaktiveer en gefaktureer aan aandeelhouers. Orasol moes in hierdie 3 maande tydperk die rente wat gehef is op die uitstaande skuld dra terwyl die battery opgestel en getoets word. Die totale koste van die rente vir hierdie drie maande beloop in totaal R967,694.48 en is ingesluit onder finansieringskoste op die Staat van Omvattende inkomste op bl.9 van die Finansiële State. Die implimentering van die battery is ongelukkig vertraag a.g.v Orasol-direksie se toewyding tot die gebruik van volkseie arbeid deurdat daar gewag is vir 'n Afrikaner tegnikus om die inwerkingstelling te doen, nadat die verskaffer se Afrikaner tegnikus, bedank het. Die uiteinde was dat pogings nie gerealiseer het nie en Orasol 'n Arbeidspaneel moes nader om van 'n nie-Afrikaner tegnikus gebruik te maak.

Aspek 2: Verlies aan bedrog (aanlynbedrog op bankdienste ten bedrae van R283,162). Verdere toeligting word verskaf onder vraag 7 hieronder.

As aspek 2 nie gebeur het nie en indien die battery na 2 maande in plaas van 3 maande operasioneel kon wees, sou die batteryheffing vroeër geïmplimenteer kon word. Dit sou die verlies voor belasting beperk tot ongeveer R167,000 vir die finansiële jaar.

Alle aanduidings uit die bestuursyfers vir die huidige finansiële jaar tot en met 31 Augustus 2025, asook kontantvloei- en winsprojeksies vir die volgende 10 jaar, lyk baie positief vir Orasol. Mnr Snyman sal in sy jaarverslag tydens die AJV meer toeligting omtrent die huidige bestuursyfers gee. Sou u na die kontantvloeiprojeksies wil kyk is u welkom om met Janneman Roux in verbinding te tree.

5. By Orasol, presies watter sekuriteit is vir die aankoop van die battery @ sowat R36 miljoen gegee?

Orasol terugvoer:

Herholdts, wat die verskaffer van die battery ten bedrae van R29,900,000 (BTW uitgesluit) was, het nie sekuriteit vereis nie.

Die ander komponente wat aangekoop is om die ongeveer R36 miljoen op te maak en die totale kapitaalspandering in Orasol vir die jaar verteenwoordig, het nie uitsluitlik met die battery te doen nie, en is finansier uit diverse kleiner lenings vanaf individue, ondernemings en OSK.

Die lenings wat Orasol met individue en ondernemings aangegaan het is onversekerd.

6. Presies hoe verloop die afbetalingspaaielemente vir die aankoopbedrag van sowat R36 miljoen vir die battery?

Orasol terugvoer:

Die ooreenkoms met Herholdts was vir 'n tydperk van 14 maande en in daardie tydperk was net die rentekomponent betaalbaar in maandelikse paaielemente. Herholdts se uitstaande skuld is intussen in 2025 afgelos met die verstryking van die ooreenkoms.

Hierdie aflosbedrag is in die vorm van herfinansiering bekom waar Orasol die battery aan Broadreach Solar B (Edms) Bpk (wat spesialiseer in finansiering van hernubare energieprojekte) verkoop en dit weer by wyse van 'n formele

afbetalingsverkoopsooreenkoms teruggekoop. Die bedrag wat finansier is beloop R17,390,000.00 en is terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 120 maande met 'n maandelikse paaient van R291,351.00. Die battery dien daarom self as sekuriteit t.o.v hierdie lening. Orasol het ook 'n sessie ten gunste van Broadreach geteken dat sou Orasol nie sy volle paaient aan Broadreach kan betaal nie, OAB die uitstaande bedrag aan Broadreach kan oorbetal en teen Orasol se elektrisiteitsverkope verdiskonteer. Verder het Orania Infrastruktuur ook 'n waarborg in die bedrag van R17.4m gelewer.

Addisionele diverse lenings vanuit die gemeenskap (individue en instellings) is ook in 2025 aan Orasol toegestaan en vorm deel van die finale finansiering vir die battery. Hierdie lenings is onverseker. Die somtotaal van hierdie addisionele lenings beloop R9,900,000.00 soos op 31 Augustus 2025.

7. By Orasol, waaruit spruit die bedrag van “bedrog van R283 162” en watter remediërende stappe is in verband daarmee geneem?

Orasol terugvoer:

Op 21 Junie 2024 het Orasol 'n BTW terugbetaling ontvang vanaf SARS en inbetaal in Orasol se Standard Bank rekening. Op 22 Junie 2024 is daar twee ongemagtigde verdagte transaksies met 'n somtotaal van R990,939.45 weer uitbetaal. Dit is nadat mnr Jacobs, wat die primêre gemagtigde op die bankrekening is, 'n skakel in 'n epos vanaf Standard Bank rakende hulle beloningsprogram ontvang het. Nadat op die skakel geklik is, en hy by die aanlynbankdienste ingeteken het, het mnr. Jacobs gemerk dat twee nuwe begunstigdes sonder sy magtiging geskep is. Hy het dadelik besef iets is verkeerd en sy intekenbesonderhede verander. Dit was egter te laat en daar reeds twee afonderlike bedrae van onderskeidelik R498,204.37 en R492,735.08 kort na mekaar uit Orasol se bankrekening na onbekende rekeninge oorgeplaas. Standard Bank se bedrogafdeling het vir mnr Jacobs kort daarna gekontak en die bedrieglike transaksies bevestig. Die bankrekening is onmiddelik gevries en stappe is gevolg om die bedrog te ondersoek. Daar is ook 'n klag by die Suid-Afrikaanse Polisie diens gelê met saaknommer: 66/06/2024

Standard Bank se bedrogeenheid is genader vir 'n vergadering om hierdie aangeleetheid te bespreek. Daar is aan Standard Bank bekend gemaak dat daar nie voldoen is aan Orasol se oorspronklike versoek om 'n twee-stap verifikasieproses in plek te kry vir aanlyndienste nie, ten spyte daarvan dat Orasol op verskeie geleenthede Standard Bank bly versoek het om die veiligheidsmeganisme in plek te kry.

Alhoewel Standard Bank se uitgangspunt tydens die vergadering was dat hulle nie verantwoordelik gehou kan word vir enige nalatige optrede (hulle beskou mnr. Jacobs se klik op die bedrieglike skakel as nalatig) nie, is hulle bereid om 50% van die bedrag wat nie verhaal kan word nie aan Orasol uit te betaal. Standard Bank het in totaal R424,615.51 van die gesteelde fondse herwin en 'n verdere skikkingsbetaling van R283,161.97 aan Orasol uitbetaal wat 50% van die onherwinbare fondse verteenwoordig. Die somtotaal van fondse wat nie in kontant herwin kon word nie beloop R283,161.97 soos wat geopenbaar word in Orasol se Finansiële State van 2024.

Hurter Spies is ook genader om 'n regsopinie op te stel na aanleiding van Standard Bank se skikkingsaanbod en is Orasol aanbeveel om die skikkingsbedrag te aanvaar aangesien die regskoste om teen Standard Bank te litigeer meer sal wees as die uitstaande bedrag, terwyl die kanse op sukses baie skaal is.

Mnr Jacobs het aangedui dat hy bereid is om 'n skadebedrag aan Orasol te betaal na aanleiding van sy betrokkenheid deurdat die kuberkrakers toegang tot Orasol se bankrekening verkry het nadat hy op 'n skakel ingegaan het wat nie op daardie stadium verdag voorgekom het nie. Orasol direksie het 'n bedrag van R100,000 voorgestel en is deur mnr Jacobs aanvaar. Hierdie bedrag is verhaal van mnr Jacobs se projekfooie wat gehef sou word vir die implimentering van die battery.

Orasol se finale verlies in kontant beloop dus R183,161.97 na alle skikkings gefinaliseer is.

Hierdie saak word nog ten tyde van hierdie terugvoer deur die SAPD ondersoek en wag Orasol nog op terugvoer m.b.t. die vordering.

Remediërende stappe:

Orasol direksie het besluit om bande met Standard Bank te breek en is daar 'n ondersoek geloods rakende watter bank genader sal word om Orasol se eksterne bankdienste oor te neem en is daar op FNB besluit. Die rekening is oopgemaak en alle moontlike veiligheidsmeganismes geïmplimenteer om die maksimum sekuriteit m.b.t die rekening te verseker. Hierdie rekening word nie aangewend as 'n handelsrekening nie maar word hoofsaaklik bedryf as 'n rekening wat terugbetalings vanaf SARS kan ontvang in die vorm van BTW en belasting.

8. Sou by die AJV op 12 September 2025 verdere geleentheid gebied word vir vrae i.v.m. die state en bespreking daarvan?

Ja, daar sal soos in die verlede geleentheid gegun word vir vrae en die bespreking daarvan. U moet egter net let dat daar streng by die punt op die sakelys gehou word. In die verlede het dit gebeur dat daar by 'n gegewe punt op die Sakelys geen vrae gevra is nie, maar 'n aandeelhouer die vrae aan die einde van die vergadering probeer vra het, terwyl die betrokke item reeds afgehandel was. In sulke gevalle sal die Voorsitter nie bespreking en/of vrae op 'n afgehandelde item toelaat nie.

Ons gee vooraf geleentheid vir vrae om die kantoor te bemagtig om volledige antwoorde aan alle aandeelhouers te verskaf en so te verhoed dat iemand op die dag 'n vraag vra, maar daar later aan hom/haar terugvoer gegee moet word. Hierdeur poog OAB direksie om alle aandeelhouers ingelig te hou van vrae geopper en die terugvoering daarop omdat nie alle aandeelhouers altyd die AJV bywoon nie.

U skriftelike antwoorde op hierdie vrae word graag verneem.

Neem kennis asb. dat ek alle regte voorbehou, insluitende om ná die komende AJV enige toepaslike aksies m.b.t. die onderhawige state te onderneem.

Groete

Johann Dannhauser

082 773 2150